














Die Dameskring
KLITS KLETS
Elektroniese Nuusbrief aan lede van Die Dameskring
PBO (NGO) Reg: 930025127

In hierdie uitgawe:

-  'n Briefie van Coreen:
-  Taknuus: Takaktiwiteite,
Nuwe Lede, Aktuele sake
-  Projekte: Beursfonds,
Granaat, Waardeprojek,
Grondwetwysigings Bl.3
-  Geldsake,
Ons eie geskenke,
Geskenkprojek
-  Kantoornuus:
T-vorms en prosedure,
Riglyne vir plasinge op
Sosiale Media
-  **BERAAD**
REGISTRASIEVORM Bl.3
-  Boekresensies en -
kompetisie (Ons gee 4
boeke weg in Maart)
-  **Gebedsdag vir gesinne**
Bl. 17
-  Vriende en Vennote
-  Kalenders

MAART 2020



Port Elizabeth

Tema vir 2020:

REISIGERS NA MÔRE



'N BRIEFIE VAN COREEN

Liewe Vriendinne,

Hoe pragtig is die tema van die Vrouewêreldbiddag nie! Dit lees: **“Neem jou slaapmat op en loop!”** Dit pas so mooi aan by ons beraadtema. Dit vra aksie en verander jou persepsie!

Vandag is dit die 29ste Februarie. Wow, dis skrikkeljaar! Skielik het ek die begeerte om iets spesiaal van die dag te maak. Met soveel min ure in ons dag, het ek nou 24 uur ekstra. Dit was nie lank na my besluit nie, toe my telefoon lui. My sussie se dogter(29) het pas gesterf - op die 29ste. Van toe af was dit geen gewone dag nie. Sy het 'n ekstra paar uur gekry om te leef en gesterf op 'n spesiale dag. My hart pyn en ek weet skrikkelag gaan nooit weer dieselfde wees nie. Dit sal altyd herinneringe aan haar inhou.

Baie geluk aan elke lid wat op die 29ste Februarie verjaar. Ek beny julle wat die jare so stadig kan aftel!

Ek lees die pragtige stukkie wat Lina in hierdie Klitsklets vir ons geskryf het en sy sit my aan die dink oor wolke. Elkeen van ons kan getuig van hoe ons Hemelse Vader sy genade uitstort oor ons deur wolke. Letterlik en figuurlik beleef ons in hierdie land genadereën uit sy wolke. Mag ons nooit ooit sy genade as vanselfsprekend aanvaar nie.

Vir elke WhatsApp-boodskap wat ek ontvang het om te bid vir reën en Sy seëninge, wil ek vra: “Waar is die boodskappe nou om dankie te sê vir sy genade en al die lieflike reën in ons land?”

Daar word reeds hard gewerk aan die **beraadreëlings**. Die **registrasievorm verskyn in hierdie Klits Klets**. Registreer so gou as moontlik om jou plekkie te verseker. **Slegs 160 beraadgangers kan geakkommodeer word**. Ons het fyn gesny om kostes dieselfde te hou as dié van die vorige beraad.

Tydens 'n heerlike stappie langs die see verlede week, oorval die behoefte my om vir elke beraadganger 'n skulp op te tel. Terwyl ek vir jou een opgetel het, het ek dankie gesê vir jou vriendskap en vir dit wat jy vir DK beteken. Ek het gebid vir ons organisasie wat vir ons so kosbaar is. Ek het gebid dat ons nooit soos branders heen en weer geslinger sal word of deur stormwinde rondgegooi sal word nie en dat ons voetstaple al meer met vaste tred sal wees, ongeag die weersomstandighede in ons lewens. Mag ons daaglik ons voete vind deur Sy Waarheid uit te leef en die vrug van geregtigheid te dra. **Moenie uitmis op jôu skulpie nie!!**

Ek wil julle net weer herinner aan **die grondwet- en reglementwysigings** wat julle kan instuur **VOOR 24 April 2020**.

Skulpieliefde

Coreen



GRONDWETWYSIGINGS

GRONDWETWYSIGINGSPROSEDURE GEDURENDE DIE BERAADJAAR

DOEL: Elke lid kry hierdeur die geleentheid om 'n inset te lewer in die voortbestaan en groei van Die Dameskring. Die Grondwet en Reglement is ons handleiding vir die reis na môre vir die volgende twee jaar.
AKSIES:

1. Wysigingsvoorstelle moet voor of op **24 April 2020**, 5 maande voor die Beraad, by Hoofkantoor ingedien wees op die voorgeskrewe vorm wat teen 01 Maart 2020 by Hoofkantoor beskikbaar sal wees.
2. Tydens die Junie UB-vergadering word alle wysigingsvoorstelle evalueer waarna 'n dokument saamgestel word. Hierdie dokument tesame met 'n kennisgewing in dié verband, moet teen **24 Julie 2020**, 60 dae voor die Beraad, by alle takke wees.
3. Afgevaardigdes en verkose afgevaardigdes stem volgens hulle mandaat van hulle takke op die Beraad.

DIE DAMESKRING BERAAD REGISTRASIEVORM

Om die vorm oop te maak: Druk net op die skakel, voltooi die vorm en stuur.

[Die Dameskring - Beraad 2020 Registrasievorm](#)

[Open in Forms](#)

Indien u enige probleme ondervind, kontak asb. die kantoor.

VAN WAAR GEHASI?

'n Beginnerskursus in
GENEALOGIE & FAMILIEGESKIEDENIS

aangebied deur

Isabel Groesbeek van FAK-Genealogielessenaar

op Saterdag 28 Maart 2020 om 8h30 tot 13h30 in Pretoria.

Isabel, 'n gesoute genealogiese navorser en aanbieder, sal jou inspireer en toerus in jou soeke na jou familiegeskiedenis en al jou vrae beantwoord.



Kontak vir Isabel by selnr. 082-441-2325, Epos: isabel@fak.org.za



TAKNUUS



Riebeeckstad(Vrystaat 6) het 2020 op 'n vrolike liefdevolle noot afgeskop met hul **Valentynsvergadering**. Veels geluk aan die tak wat ook **twee nuwe dames** ingestel het, met nog 'n **potensiële lid** as gas.

Ons is trots op julle, **Ester**. ♡♡

So spog UB-lid, **Sophia Herman**.

DK Bergsig skop die jaar af met 'n **lag-sessie** uit die maag! **Annette Gericke 'n lagterapeut** kom leer ons weer hoe om te lag! Wat 'n prettige aand, beslis 'n moet vir die gemoed! Ons bespreek ook ons program vir 2020 asook begin ons opgewonde beplan aan ons **oggendfunksie saam met Hanlie Retief en Adri Klindt**.

Groetnis,
Ilze Lammers





**DAMESKRING-BERGSIG
SPAN HIERDIE JAAR DIE
KROON MET:**

HANLIE RETIEF & ADRI KLINDT



HANLIE RETIEF is 'n bekroonde Suid-Afrikaanse joernalis wat plaaslik, asook in die VSA studeer het. Sy word geken deur haar weeklikse koerantonderhoude met bekendes. 'n Versameling van haar onderhoude is in 2011 in boekvorm gepubliseer. Sy is ook die skrywer van die boek, Byleveld.

*Martie's Freshwater Pearls
- Uitsalling & Verkope*

DATUM: 30 Mei 2020

TYD: 09:30 vir 10:00

PLEK: NG Kerk Bergsig
h/v Boland en
Proteaweg,
DURBANVILLE

KOSTE: R150 pp

KONTAK: Hannatjie
Lammers
083 310 2467



Reisigers na môre

As jy 'n Israeliet was, wat sou jy onthou het van die 40 jaar wat jy in die woestyn gereis het? Die soet manna, gebraaide kwartels, bitter water, die see wat opgedam het, water uit die rots, dalk hoe lekker julle gedans het by die goue-kalf-partytjie, die vuurkolom in die nag, die koelte-wolk of hoe moeg jy later was vir dieselfde paar sandale wat net nie wou opraak nie (dit was mos lewenslank gewaarborg)! Ek dink ek sou die wolke onthou het.

God het wolke gebruik om sy *teenwoordigheid* aanvoelbaar te maak. *“... het 'n helder wit wolk die huis van die Here gevul. Almal het die teenwoordigheid van die Here aangevoel” (1 Konings 8:10).*


Wolke vertel hoe magtig God is. *“Hy gebruik winde wat warrel en storms wat kwaai woed om te wys dat Hy baie mag het. Dit wys die Here is daar. Die wolke wat saamdrom, lyk soos die stof wat sy voete opskop” (Nahum 1:3).*

Wolke en reën vertel ook van God se sagtheid en goedheid. *“Wat ek julle gaan leer, gaan soos verkwikkende reënwater oor julle spoel. My woorde val soos reëndruppels op jong gras wat pas uitgeloop het. Wat ek leer, is soos sagte reënbuie op jong plante” (Deuteronomium 32:2).*

“Mag die Here elke dag (op jou reis) vir jou dou uit die hemel gee. Mag Hy jou van die aarde se goeie laat geniet: oorvloed graan en wyn!” (Genesis 27:28).

Is jy saam met God op reis? Ervaar jy sy wolk-teenwoordigheid?

Lina du Plessis



Kom kuier saam met Die Dameskring, Rooipypie, Bellville en die skrywer, Helana Olivier

Wanneer: Maandag, 9 Maart 2020

Waar: Ria Breed se huis, 21 Melkhout crescent, Platteklouf

Tyd: 10:30

RSVP: 5 Maart 2020

Leef onbevrees, kry blitsantwoorde, probeer op koers bly terwyl jy nie moed verloor nie. Probeer om die regte ding te doen, terwyl jy die storms in jou lewe trotseer. Dalk kan jou eiesoortige reis ene van lig wees wat ander bemoedig. Tel “n Toep vir elke stoep” op en lees ‘n kort gedeelte. Jy kan self besluit HOE jy daarop wil reageer. Plaas hierdie gids op ‘n plek waar jy dit selfs in die donker sal

kan raakvat.

Almal welkom by

BRITS DAGBREEK

Takvergadering

Woensdag 18 Maart

9h30 vir 10h00 by

Die Joint

langs **Hartbeespoortdam** (skuins oorkant Pecanwood, agter Woody's)

Ons praat oor **CBD, THC, dagga-olie, daggatee, rate, wettigheid, effektiewe medissinale gebruik**, ens.

Kwekers, gebruikers, kundiges, nuuskieriges almal ewe welkom.

Daar is heerlike **koffie en pizza te koop**.

Kontak: Hanlie Schoeman (082-803-5272)

DAMESKRING (DUNDEE TAK) EN ATKV (GLENCOE TAK) WERK SAAM EN SKENK 'N DONASIE AAN DIE EENHEID VAN DIE SA POLISIE VIR GESINSGEWELD, KINDERBESKERMING EN SEKSUELE OORTREDINGS.

TEMA – LIEFDE IN DIE GEMEENSAP
EN LIEFDE TEENOR JOU MEDEMENS

Op 28 Februarie 2020 het Mev Dorea Coetzee, 'n donasie van damesklere, mansklere, skoene, babaklere, bababenodigdhede en kruideniersware aan die Eenheid van die S A Polisie vir Gesinsgeweld, Kinderbeskerming- en Seksuele Oortredings oorhandig.

Die lede van hierdie eenheid was baie verras oor die hoeveelheid items maar ook baie dankbaar dat die Dameskring in samewerking met die ATKV weereens aan hierdie eenheid dink met hulle gemeenskapswerk. Hulle het die donasies baie nodig om hulle werk volkome te kan doen. Hierdie twee organisasies se liefdevolle werk gaan van krag tot krag.

FOTO 1: Die donasies van mansklere, damesklere, skoene, babaklere, bababenodigdhede en bietjie kruideniersware wat geskenk is.



FOTO2: v.l.n.r. Mev Dorea Coetzee (Verteenwoordiger van Dameskring-Dundee tak sowel as ATKV – Glencoe tak) Hlengiwe Zondi (werkzaam by die eenheid vir Gesinsgeweld, Kinderbeskerming en Seksuele Oortredings) saam met die donasies wat geskenk is.





NUWE LEDE

Lidnr	Naam en Van	Gebied	Tak
7498	Ronel Viljoen	Wes-Kaap 2	Paarl Wynland
7499	Francisca Wessels	Gauteng-Suid	Johannesburg Aasvoëlkop
7500	Maryke van der Westhuizen	Vrystaat Noord/Oos	Riebeeckstad
7501	Hannetjie Joubert	Vrystaat Noord/Oos	Riebeeckstad
7502	Petro Strauss	Noord-Kaap	Kuruman Die Oog
7503	Bridget Thornhill	Noord-Kaap	Kimberley
7504	Carina van de Venter	Noord-Kaap	Kimberley
7505	Christa de Villiers	Noord-Kaap	Kimberley
7506	Sanet du Plessis	Noord-Kaap	Kimberley

Baie welkom by *Die Dameskring*.

Mag jy hope seën en vervulling ervaar met elke DK aktiwiteit.



Die dogters van Hoërskool Strand kon vandag saam met miljoene vroue wêreldwyd deelneem aan die Wêreldbiddag vir Vroue. Die Dameskring se Melkbaai-tak het aan elke dogter 'n boekmerk uitgedeel waarop hierdie jaar se tema uitgebeeld word. Elkeen het ook 'n boekie, "Die Bybel, Hoop vir Almal", ontvang.

Die tema vir vanjaar is gebaseer op die teks in Johannes 5:2-9. "Staan op! Neem jou slaapmat op en loop!" Ons spreker was Kristine Burgwal, 'n Nederlandse onderwyseres, wat geroep is om reeds sedert 2017 die Evangelie onder kinders in Suid-Afrika te verkondig. Sy het op 'n praktiese wyse met behulp van 'n plasmabal en gloeilampe geïllustreer dat ons naby God moet bly, as ons Sy lig wil ontvang en versprei. Sy het ook met die dogters gedeel hoe God haar geroep het om na Suid-Afrika te kom.

Ons het afgesluit met gebed asook met die voorlees van die gebed wat spesiaal vir hierdie jaar se biveenkomste aeformuleer is.



Die Dameskring in Port Elizabeth het 'n uiters geslaagde en verrykende Wêreldbiddag gehou. 65 dames het dit bygewoon, waaronder heelwat slegs DK vriendinne was.



Wêreldbiddag vir vroue

Aasvoëlkooptak het 'n klompie dames bymekaar gekry vir Wêreldbiddag vir vroue. 'n Dansgroepie het onder andere opgetree en dit was 'n geseënde aand vir almal.



Een van **Port Elizabeth** se DK voorsitters het by haar skool ook die biddag gelei onder die vaandel van *Die Dameskring*.



PROJEKTE



BEURSFONDS

Ons ses Beursfondsstudente word in die nuutste Granaat aan u voorgestel:

Hessie Moldenhauer
Lara burger
Lizamari Fuhri
Naudine Booyens
Ruan Gerber
Tharien Kruger

BAIE BAIE DANKIE

aan **al die takke** se **bydraes** tot die **Beursfonds**. Dankie vir **spesiale fondsinsamelings** om by te dra tot hierdie groot saak. Julle maak gewis 'n **groot verskil** in hierdie **studente** se lewens.

BEURSFONDS 2021

Dames aan die begin van ons Nuwejaar herinner ons dat julle sal spaar vir hierdie baie belangrike saak. Een of ander dag kan dit jou ook raak! Dan sal ons graag wil seker maak dat die geld ook vir jou beskikbaar sal wees.



Chanel Naude, DK Beursstudent 2018 se gradeplegtigheid was op 11 Desember 2019 in Stellenbosch. Sy het besonder goed presteer en is baie dankbaar vir die DK beurs wat haar in staat gestel het om haar studies suksesvol te voltooi.

Hoewel sy gedink het om in Suid-Afrika haar loopbaan voort te sit, het 'n onderwysmaatskappy van Engeland van haar te hore gekom en haar in die Waterfront in Kaapstad gaan werf om vir hulle in die Suide van Engeland te gaan skoolhou. Groot opgewondenheid, maar 'n skok vir haar ma wat agt jaar gesukkel het om swanger te raak. Sy is die enigste kind.

Nou na afloop van die eerste maand in die vreemde, het sy reeds naam gemaak as 'n harde werker op wie hulle kan reken. Nou het 'n ander maatskappy haar oorreed om vir hulle te kom werk en vir haar 'n permanente pos aangebied. Wat 'n kompliment!

Ouma Chrissie Naude, DK lid van Centurion Kareetak is baie trots op haar kleindogter en hoop dat sy al die mooi beginsels waarmee sy opgevoed is, aan die Britse leerders sal oordra.

ONS EIE GESKENKE

Dameskring Borsspeld



BORSSPELD

Vertoon pragtig saam met jou naambalkie en verseker dat die wêreld daar buite weet wie ons is! Pragtige geskenk vir 'n nuwe lid.

Kostes: R50 elk

Plaas asseblief julle bestellings by Hoofkantoor.

Dameskring Liniaal Boekmerk vir matrieks, asook as geskenk

LINIAAL/BOEKMERK

Bruikbare, bekostigbare geskenk vir toppresteerders in skole, finalejaar katkisanse met Belydenisaflegging, verjaarsdae van taklede, sprekers en gaskunstenaars!

Kostes: R15 elk as dit vir matrieks gaan en R30 as geskenke.

Plaas asseblief julle bestellings by Hoofkantoor.



REEDS BESKIKBAAR OM DEUR HOOFKANTOOR TE BESTEL

Potstaander @ R50 (+ Koeriergeld)


Rooibosteepotmerker @ R25 (+ Koeriergeld)

Pragtige en praktiese geskenke vir 'n verjaardag, jou eie kombuis of gebruik dit by jou gemeentekombuis of ander funksies.





DIE GRANAAT (Borg 'n bladsy)



Die **Granaat** verskyn kwartaalliks en takke en lede kry op 'n deurlopende basis geleentheid om 'n bladsy van die Granaat te borg. **Die nuutste uitgawe is reeds beskikbaar by u tak of UB-lid.** Baie dankie aan elke tak wat borgskappe gegee het. Dit help om hierdie projek te kan loods.

Vir 'n bedrag van **R150.00 kan 'n bladsy in die Granaat geborg** word. 'n Advertensie kan dan geplaas word óf 'n tak of individu kan 'n spesiale lyninskrywing maak met 'n mooi boodskap of gedagte.

Die lyninskrywing (boodskap of gedagte of advertensie) moet **nie langer as 30 woorde** wees nie.

Bewys van betaling moet die borg se besonderhede (Naam en telefoonnommer & dorp) en lyninskrywing vergesel en na **admin@dameskring.co.za** gestuur word.

BANKREKENINGBESONDERHEDE:

Bank: ABSA Brooklyn Square

Lopende rekening

Rekeningnaam: Die Dameskring

Takkode: 632 005

Rekeningnommer: 2840 750 062

Bedrag: R150.00

Verwysing: Borg'n Bladsy /Taknaam/Nr.



Dameskring staan vir bemagtiging:

Maak asb. gebruik van die Granaattema's in jul takvergaderings.

Sy oneerlikheid sal geopenbaar word.	Kierankie braai	Die kreeftegang gaan	Agteruit gaan.
Probeer om iemand se guns te wen.	Witvoetjie soek by iemand	Aangeklam wees	(Twee rye spore loop, stukkend wees) — dronk wees.
		Kluitjies bak	Leuens vertel



Waardes vir Woelwaters

is beskikbaar by *Die Dameskring Kantoor*

admin@dameskring.co.za

@ slegs R70.00 per boek

(Nou dat die projek behoorlik geloods is, is ons in staat om kostes af te bring. Dit was nooit bedoel om 'n winsgewende projek te wees nie, maar kostes moet gedek word.)

Uitstekende hulpmiddel vir jong ouers, grootouers, kleuterskole en almal wat by kinders 'n gesonde Bybelse basis wil kweek.

Werkswinkel aangebied deur:

Marda Oosthuysen

as 'n PROJEK van *Die Dameskring*.

U gaan leer, en toegerus word hoe om

etiese WAARDES soos:
geloof, eerlikheid, respek, omgee, gehoorsaamheid,
burgerskap, fluksheid en dankbaarheid
by die voorskoolse kind vas te lê.

INHOUD van die Werkwinkel

- Fisiese- kognitiewe-, sosiale- en emosionele ontwikkeling
- Dissipline;
- Verhoudings;
- Moraliteit;
- Geestelike erflating



Psalm 51:12

Skep vir my 'n rein hart, o God,
en gee opnuut in die binneste van my
'n vaste gees.



GELDSAKE



Takheffing

1 Maart 2020 tot 28 Februarie 2021

Die Uitvoerende Bestuur

het dit goedgekeur dat takheffings onveranderd bly.

BO 70:

Lede wat tussen 1 Maart 2020 en 28 Februarie 2021 70 jaar en ouer is = R250.00

Glyskaal:

Nuwe lede wat aansluit vanaf 1 Maart 2020 tot 31 Mei 2020 = R250.00

Nuwe lede wat aansluit vanaf 1 Junie 2020 tot 30 Augustus 2020 = R190.00

Nuwe lede wat aansluit vanaf 1 September 2020 tot 31 Oktober 2020 = R125.00

ONDER 70:

Lede wat tussen 1 Maart 2020 en 28 Februarie 2021 onder 70 jaar oud is = R500.00

Glyskaal:

Nuwe lede wat aansluit vanaf 1 Maart 2020 tot 31 Mei 2020 = R500.00

Nuwe lede wat aansluit vanaf 1 Junie 2020 tot 30 Augustus 2020 = R375.00

Nuwe lede wat aansluit vanaf 1 September 2020 tot 31 Oktober 2020 = R250.0

Alle lede betaal asb. direk aan die taktesourier.

Die tak kry 'n Takheffingsfaktuur wat teen einde April 2020 vereffen moet word.

Bewys van betaling saam met die T9-vorm word gestuur aan

admin@dameskring.co.za

Verwysing: Taknommer/Taknaam/Takheffing (en of Beursfonds)

Indien lede individueel ledegeld betaal,

moet dit steeds op die tak se T9-vorm aangedui word met die depositodatum.





HOOFKANTOOR

Uit die kantoor. .. deur ... Karien Snyman

Hersiende en goedgekeurde Dameskring Dokumentasie (**T-vorms**, ens.) is op die webblad.

Alle nuwe goedgekeurde vorms het 'n watermerk op.

Korrekte Prosedure

Voltooi die nodige **T-vorm** volledig met **alle korrekte inligting**.
Takvoorsitter kontroleer en teken saam met **belanghebbendes**.

Stuur aan UB-lid vir haar verslag.

UB-lid stuur dit aan die kantoor.

Belangrikheid van die **korrekte inligting met enige inbetalings**

Lidnommer, taknaam, taknommer, (waarvoor die betaling is)

Indien **lede individueel ledegeld betaal**, moet dit **steeds op die tak se T9-vorm** aangedui word met die **depositodatum**.

Korrekte inligting help ons om gelde korrek te allokeer.

RIGLYNE VIR PLASINGS OP SOSIALE MEDIA

1. Die Uitvoerende Bestuur, takke en kernvennote stuur inligting na die Hoofkantoor vir plasing.
2. Alle plasings op sosiale media is die verantwoordelikheid van die Administratiewe Beampte.
3. Die Administratiewe Beampte evalueer die plasings volgens eie diskresie en in oorleg met die President.
4. Die Administratiewe Beampte erken ontvangs van alle foto's, videos, skrywes, aanhalings ensovoorts vir plasing op sosiale media.
5. Die Uitvoerende Bestuur en takke moet die nodige toestemming by die betrokke persoon of instansie kry voordat hulle foto's, videos en skrywes mag deurgee vir plasing.
6. Gee erkenning aan die bogenoemde persoon of instansie met die plasing van sy/haar foto's, videos en skrywes op sosiale media.
7. Plasings vir sosiale media moet kort en kragtig wees: maksimum 250 woorde en 10 foto's. Plasings wat NIE hieraan voldoen nie, sal NIE gebruik word nie.
8. Alle foto's vir plasing op sosiale media moet ten minste 2MB groot wees.
9. Maak seker wanneer jy die foto's per e-pos stuur dat jou program dit nie outomaties verklein nie. Kies die "original size" foto en e-pos dit.
10. Plasings op sosiale media moet 2 tot 3 maal per week geskied om 'n doeltreffende bemarkingsinstrument te kan wees.
11. Facebook: Plasings deur slegs die Administratiewe Beampte en aangewysde administrateurs. 11.1 Plasings op facebook geskied volgens 'n vasgestelde struktuur soos bepaal deur die Administratiewe Beampte en administrateurs.
12. Takke moet aangemoedig word om bydraes te lewer sodat Die Dameskring kreatief sigbaar is op sosiale media.

Voorstel aan takke: Skep 'n portefeulje vir sosiale media in jou tak en verseker so dat die tak se aktiwiteite en projekte sigbaar is vir ander takke asook die wêreld.

HERSIEN EN GOEDGEKEUR JUNIE 2019



BOEKRESENSIES EN BOEKKOMPETISIE

CUM-BOEKE



Om God se stem te hoor – Priscilla Shirer

Die vermoë om God se stem te hoor, was beslis nie net vir die mense in die Bybelse tyd bedoel nie.

Dit is bedoel vir gelowiges vandag en vir jou ook.

Om God se stem te hoor is 'n kragtige Bybelse boek wat 'n hele nuwe verstaan van God se Woord openbaar. Priscilla Shirer vertel van persoonlike ervarings sowel as bekende Bybelse gelowiges se oomblikke toe God direk met hulle gepraat het. Lesers kan vandag ook die stem leer ken wat deur 'n brandende bos en 'n wolk gepraat het; deur duidelike tekens en die Heilige Gees; deur ander gelowiges en direk in ontvanklike harte.

Elke hoofstuk word afgesluit met 'n uitdaging wat lesers sal help om waarlik te leef wat hulle gelees het.

Priscilla Shirer is 'n spreker met 'n meestersgraad van die Dallas Theological Seminary. Sy is ook 'n gewilde outeur en die skrywer van *Die standvastige vrou*, een van die boeke wat saam met die flik *Courageous* verskyn het. Priscilla is

getroud met Jerry. Sy en Jerry is die stigters van Going Beyond

Ministries. Priscilla staan tans voltyds in vrouebediening. Priscilla het haar flikdebuut in *War Room* gemaak.

Vir Media Navrae:

Retha Potgieter – Bemaking en Kommunikasie

CUM | Smutslaan 20 | Vereeniging, 1930

Suid-Afrika

Tel: +27 16 440 7157 | Fax: +27 16 421 1748 | retha.potgieter@christianart.co.za

Wedstrydvraag om die CUM boek TE WEN:

Hoe kan lesers vandag die stem van God hoor?

E-pos jou Naam, Fisiese adres (vir koerier), selfoonnommer en antwoord na:

admin@dameskring.co.za

BOEKWENNERS VAN FEBRUARIE

- **Hannali Sauer van Burgersdorptak** - (*Die Twaalf Klein Profete – Dr Chris van Wyk van CUM Boeke*)
- **Annamarie Lamont van Stellatak** - (*Liefdesboek: God se liefde vir ons en ons liefde vir mekaar - Christine Ferreira en Marielle de Vos van NB Uitgewers*)

BAIE DANKIE AAN

CUM- BOEKE EN NB-UITGEWERS (*Lux Verbi*)

VIR DIE PRAGTIGE BOEKE WAT ELKE MAAND DEUR HULLE GEBORG WORD

LUX VERBI NB-UITGEWERS (Lux Verbi is 'n druknaam van NB Uitgewers)

Kom sit aan deur Rudi Swanepoel

Vind vreugde en betekenis in jou daaglikse eetgewoontes. Kry meer insig oor die tye om te vas, te fees, te dieet en ontdek die gawe van gasvryheid. Hedendaagse verbruikerskultuur vergeet die onsigbare, minag die ontasbare en maak 'n bespotting van die geringe. Is daar 'n lewegewende alternatief vir hierdie kultuur? Ons kan dit verander deur Christelike spiritualiteit en die keuse om aandagtig en bewustelik te lewe. Jy kan dit doen by 'n tafel – jy kan 'n sinnelose, bedwelmdede bestaan ontkom en jy kan sien en hoor wat jy nooit sal sien en hoor as jy slegs 'n gewone verbruiker bly nie. Die tafel is die verbindingsplek, met jouself, die natuur, met ander mense en met God. Kry balans in alles – moenie te veel eet nie, moenie te min eet nie, eet van alles, eet volhoubaar.

Oor die skrywer

Rudi Swanepoel is 'n predikant by NG Andrew Murray in Johannesburg. Hy is passievol oor kosmaak en gasvry wees. Ná matriek studeer Rudi teologie aan UP, maar onderbreek dit om as kopieskrywer te werk. Hy voltooi later sy teologiese opleiding by Maties en word 'n predikant in die NG Kerk. Hy is getroud met Carina en hulle het vier kinders.



Suurlemoenseisoen deur Amanda de Lange

“Die lewe is 'n lied. Reg? Maar dis beslis nie altyd Beethoven se Maanligsonate nie. Soms is die enigste lied wat ons hoor een van hartseer en doodloopstrate. Ek noem sulke tye in ons lewe 'n suurlemoenseisoen.” In *Suurlemoenseisoen* deel Amanda de Lange, lewensafrieger en joernalis, 52 werkstukke, wat ons leer om anders na ons omstandighede te kyk en te besef dat daar in Hóm altyd oplossings is vir selfs dit wat ondraaglik lyk. Omskep die pynlike in iets soets en leef volledig en met oorgawe.

Oor die skrywer

Amanda de Lange was 'n joernalis vir 30 jaar voordat sy haarself as 'n meesterlewensafrieger bekwaam het. In hierdie nuwe uitdaging bemagtig sy kliënte om hulle volle potensiaal te bereik. Sy lewer 'n maandelikse bydrae tot die radioprogram *Met hart en siel* op Radio Kansel. Sy skryf ook 'n maandelikse rubriek “Vra jouself” vir *Lééf*.

Vir Media Navrae:

Arleen Stone
Publicist | Reklamekoördineerder
PO Box 879 • Cape Town • 8000
arleen.stone@nb.co.za
Tel: +27 21 406 2070

Wedstrydvrae om die NB Uitgewers (Lux Verbi) boeke TE WEN:

1. Hoe kan die hedendaagse verbruikerskultuur verander word?
2. Watter maandelikse bydraes lewer die skrywer om mense te bemagtig?

E-pos jou Naam, Fisiese adres (vir koerier), selfoonnommer en antwoord na: admin@dameskring.co.za



'n Ekstra boek om hierdie maand te wen.
 Baie dankie aan
Helana Olivier
 wat vir ons hierdie boek skenk.

'n Toep vir elke stoep
 deur **Helana Olivier**

Wedstrydvraag om Helana se boek TE WEN:
 Hoe kan jou eiesoortige reis wees?

Spurkies © Copyright 2008. Spreek die Toep en Ekstra se boek aan: 083 411 05 04



Nasionale gebedsdag vir gesinne

*Die Dameskring roep gesinne weereens op om saam te bid
 op **Sondag 17 Mei 2020.***

*Neem inisiatief by jou Dameskringtak of by jou kerk of skool of
 sommer net daar in jou onmiddellike omgewing, en roep gesinne
 op om saam te bied.*



VRIENDE EN VENNOTE

ATKV
 Solidariteit – Helpende Hand
 VRA
 ACWW
 Tiaan van Dyk
 Erfenisstigting
 Maroela Media
 FAK

Rapportryersbeweging
CUM BOEKE
 Afrikaanse Taalraad
 Stafie Pelser
 Marekyn Kruger-Evert
 Mentorvennoot
 LIG

Die Voortrekkers
NB UITGEWERS
 Afrikanerbond
 Johan van Zyl
 Mentorvennoot
 Afrikaans.com
 Voortrekker Monument

MAART 2020

Maan	Dins	Woens	Don	Vry	Sat	Son
						1 Begin van die Herfs
2	3 Wêreld Wilddag	4	5 Wêreld Boekedag Durbanville Fynbos Takvergadering	6 Wêreld Biddag vir vroue 6-15 Maart Woordfees Stellenbosch	7 Wêreld Biddag vir mans	8
9 Pretoria Grietjie Takvergadering Bellville Rooiypie 'n Toep vir elke stoep	10 Bergsigtak Ope aand	11	12 Riebeeckstad Wondversorging	13	14	15
16 Biblioteekweek	17	18 Brits Dagbreek Gesprek oor die gebruik van Dagga	19	20 Skole sluit	21 Menseregtedag Wêreld Digtersdag Internasionale Downsindroomdag	22 Wêreld Waterdag
23 Wêreld Meteorologiedag 23-29 Maart Klein Karoo Nasionale Kunstefees, Oudtshoorn	24	25	26	27 Plaas Kulturfes, Clocolan	28 Genealogie Kursus, FAK, Voortrekkermonument, Pretoria	29
30	31 Skole begin	Onthou asb. u Takheffing				

April 2020

Maan	Dins	Woens	Don	Vry	Sat	Son
		1	2 Wêreld Outisme bewustheidsdag Durbanville Fynbos Takvergadering	3	4	5 Palm Sondag Dag van Danksegging en Verootmoediging
6	7 Wêreld Gesondheidsdag Centurion Kultuur Netwerkvergadering	8	9	10 Goeie Vrydag	11	12 Paas Sondag
13 Familiedag	14	15	16	17	18 Internasionale dag van Monumente	19
20	21	22 Aardedag	23 Riebeeckstad Boekbespreking deur Chrystelle Erasmus	24	25	26
27 Vryheidsdag	28	29	30	Onthou asb. u Takheffing		



Die Dameskring

(HOOFKANTOOR):

Gerard Moerdijk-huis, Voortrekkermonumentterrein,

Eeufeesweg, Groenkloof,

PRETORIA

Tel: 012 301 1761

Faks: 086 416 4782

admin@dameskring.co.za

Webtuiste: www.dameskring.co.za

Kantoorure: Maandae tot Donderdae – 8h00 tot 16h00

Vrydae – 8h00 tot 14h00

U ontvang hierdie e-pos omdat u geregistreer is as 'n lid op *Die Dameskring*-databasis. Indien u dit nie wil ontvang nie, e-pos asseblief 'Kanselleer' na admin@dameskring.co.za



C·U·M BOOKS